



- [Tuisblad](#)
- [Rubrieke](#)
 - [Bybelkarakters](#)
 - [Gebede](#)
 - [Soos ek dit sien](#)
 - [Lees die Bybel saam met my](#)
 - [Kortverhale](#)
 - [Wag op die Here!](#)
- [Preke](#)
 - [Video's en teks van my preke](#)
 - [Potgooi van die preke](#)
- [Meer oor ...](#)
 - [Jaco se Bybelkoerant](#)
 - [Die Bybelkoerant-konsep](#)
 - [Jaco Thom](#)
 - [My boeke](#)
 - [Privaatheidsbeleid](#)
 - [Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting](#)
 - [Bankbesonderhede](#)
- [Boekwinkel](#)
- Soek

Hoe moet ek dit verstaan? 16

Om soos 'n kindjie glo

Ek het al dikwels, wanneer ons in bv. 'n Bybelstudiegroep oor Bybelse vraagstukke praat, iemand hoor sê dat hy of sy nie belangstel in 'n verklaring waar 'n mens die konteks in ag neem, of moet verstaan wat die Bybel bedoel om te wees, of so

nie. Ek glo soos 'n kind en lees die Bybel soos dit daar staan, sê hy dan. En daarmee gee hy te kenne dat 'n verklaring wat ingewikkelde konsepte probeer verstaan, onnodig is, of selfs disrespekvol teenoor die Bybel. My probleem met hierdie ingesteldheid is dat 'n kind bereid is om te leer en te luister. Om soos 'n kind te glo beteken om oop te wees vir God se leiding, selfs wanneer dit jou eie idees uitdaag.

Ek het hieraan gedink toe ek reaksie gekry het op my twee skrywes oor die Bybelse skeppingsverhale (Hoe moet ek dit verstaan 15 en 16). En dit het my laat dink aan 'n konsep wat deur die Franse filosoof Paul Ricoeur ontwikkel is, nl. “tweede naïwiteit,” waarmee hy die spanning tussen “ek glo soos 'n kind” en “ek wil ook verstaan” wil help oplos.

“Tweede naïwiteit” is 'n manier van glo ná vrae, twyfel en kritiese nadenke – nie ten spyte daarvan nie, maar daardeur. Dit is 'n geloof wat terugkeer na vertrouwe, maar nie meer onskuldig of onkundig nie.

Ricoeur onderskei drie fases van geloof:

1. Eerste naïwiteit

Dit is die “kinderlike” geloof: waar jy sê jy aanvaar die Bybel letterlik, soos dit daar staan. Jy vra min vrae, en alles is eenvoudig en seker in jou gemoed.

2. Kritiese afstand

Wanneer jou geloof uitgedaag word deur vrae, dikwels agv pyn en teleurstelling, of teenstrydighede wat jy in die Bybel raaklees, of insigte uit die wetenskap wat oënskynlik met die Bybelse gegewens bots, bring naïewe geloof jou nie tot rus nie. Vir baie mense is dit asof die boom van hulle geloof uitgeruk word. Dit bring ontnugtering en maak hulle skepties, of sinies, oor die Bybel en geloof.

3. Tweede naïwiteit

In hierdie fase gebeur daar iets met jou geloofsverstaan. Jy weet alles maak nie perfek sin nie,

en die Bybel rym nie orals mooi nie. Daar is probleme en tekortkominge in ons verstaan van die dinge. En dan maak jy 'n keuse om tog te glo. Nie omdat dit maklik is nie, maar omdat dit waar, betekenisvol en lewensdraend is. Omdat jy besef jy kan nie God en sy werk deurvors nie, soos Paulus in 1 Kor 13:12 skryf: Jy kyk in 'n dowwe spieël en sien 'n raaiselagtige beeld, en versoen jou daarmee dat jy eendag alles sal verstaan. Dis geloof met 'n oop gemoed.

Dit beteken:

Jy lees Genesis nie meer as 'n wetenskaphandboek nie, maar as waarheid in verhaalvorm.

Jy hoor gelykenisse as meer as net feite – as uitnodigings.

Jy glo in God, nie omdat alles verklaar is nie, maar omdat jy Hom leer ken het.

Jesus self sê in Matt 18:3-4: “Wie nie die koninkryk van God ontvang soos 'n kind nie, sal daar nie ingaan nie.”

Maar Paulus sê ook: “Moenie in julle denke kinders wees nie, maar volwasse” (1 Kor. 14:20)

Dit is tweede naïwiteit – Dit red geloof van oppervlakkigheid; beskerm teen sinisme; laat ruimte vir misterie; en hou jou geloof eerlik én nederig. Dis geloof wat kan sê: “Ek verstaan nie alles nie – en tog glo ek.” Tweede naïwiteit is om weer te glo, nadat jy geleer het hoe om nie meer naïef te wees nie.



- [Tuisblad](#)
- [Rubrieke](#)
 - [Bybelkarakters](#)
 - [Gebede](#)

- [Soos ek dit sien](#)
- [Lees die Bybel saam met my](#)
- [Kortverhale](#)
- [Wag op die Here!](#)
- [Preke](#)
 - [Video's en teks van my preke](#)
 - [Potgooi van die preke](#)
- [Meer oor ...](#)
 - [Jaco se Bybelkoerant](#)
 - [Die Bybelkoerant-konsep](#)
 - [Jaco Thom](#)
 - [My boeke](#)
 - [Privaatheidsbeleid](#)
 - [Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting](#)
 - [Bankbesonderhede](#)
- [Boekwinkel](#)
- Soek



Hoe moet ek dit verstaan? 15



- [Tuisblad](#)
- [Rubrieke](#)
 - [Bybelkarakters](#)
 - [Gebede](#)
 - [Soos ek dit sien](#)
 - [Lees die Bybel saam met my](#)
 - [Kortverhale](#)
 - [Wag op die Here!](#)
- [Preke](#)

- [Video's en teks van my preke](#)
- [Potgooi van die preke](#)
- [Meer oor ...](#)
 - [Jaco se Bybelkoerant](#)
 - [Die Bybelkoerant-konsep](#)
 - [Jaco Thom](#)
 - [My boeke](#)
 - [Privaatheidsbeleid](#)
 - [Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting](#)
 - [Bankbesonderhede](#)
- [Boekwinkel](#)
- Soek

Hoe moet ek dit verstaan? 14



- [Tuisblad](#)
- [Rubrieke](#)
 - [Bybelkarakters](#)
 - [Gebede](#)
 - [Soos ek dit sien](#)
 - [Lees die Bybel saam met my](#)
 - [Kortverhale](#)
 - [Wag op die Here!](#)
- [Preke](#)
 - [Video's en teks van my preke](#)
 - [Potgooi van die preke](#)
- [Meer oor ...](#)
 - [Jaco se Bybelkoerant](#)
 - [Die Bybelkoerant-konsep](#)

- [Jaco Thom](#)
- [My boeke](#)
- [Privaatheidsbeleid](#)
- [Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting](#)
- [Bankbesonderhede](#)
- [Boekwinkel](#)
- Soek

Hoe moet ek dit verstaan? 13



- [Tuisblad](#)
- [Rubrieke](#)
 - [Bybelkarakters](#)
 - [Gebede](#)
 - [Soos ek dit sien](#)
 - [Lees die Bybel saam met my](#)
 - [Kortverhale](#)
 - [Wag op die Here!](#)
- [Preke](#)
 - [Video's en teks van my preke](#)
 - [Potgooi van die preke](#)
- [Meer oor ...](#)

- [Jaco se Bybelkoerant](#)
- [Die Bybelkoerant-konsep](#)
- [Jaco Thom](#)
- [My boeke](#)
- [Privaatheidsbeleid](#)
- [Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting](#)
- [Bankbesonderhede](#)
- [Boekwinkel](#)
- Soek

Hoe moet ek dit verstaan? 12

Salig is die armes van gees

Gelukkig is die armes van gees, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.

Matt 5:3 AFR20

Jy het dit seker al gehoor; veral die ouer mense het dit dikwels gesê: “Salig is die armes van gees.” Dit is ’n aanhaling van Matt 5:3 uit die 1953-vertaling van die Bybel. Dit het hulle dan dikwels met ’n neerbuigende of verskonende stemtoon gesê met verwysing na eenvoudige of agterlike mense, asof God anders na hulle kyk as na gewone mense.

Dit is natuurlik waar dat God ’n sagte plek vir die randfigure het, soos Jesus in sy eie lewe telkens geïllustreer het. Hy is immers uit Nasaret in Galilea, ’n deel van die destydse volk op wie die Jode in Judea neergesien het (vgl Joh 1:46 en 7:42). Sy ouers was eenvoudige mense. Hy het opgekom vir die uitgeworpenes, soos die melaatses, die weduwee by die skatkis, ens.

Wat Jesus in Matt 5:3 sê, het egter niks te make met jou

sosiale stand of intellek nie. Dit gaan oor jou ingesteldheid. Om arm van gees te wees, beteken letterlik om nie selfgenoegsaam en bombasties of vol van jouself te wees nie. Die oorspronklike Griekse frase *ptōchoi tō pneumati* beklemtoon 'n toestand van geestelike nederigheid en afhanklikheid. Dit is nie materiële armoede nie, maar 'n innerlike gesindheid wat die deur oopmaak na die koninkryk van die hemel. Dit is om te erken dat jy nie alles self kan beheer nie, om jou vertrouwe in God se leiding te plaas, en om nederig en sagmoedig met ander om te gaan.

“Salig is die armes van gees” beteken dat ware geluk en seën lê by dié wat nederig en afhanklik van God is. Dit lê nie by selfgenoegsaamheid of trots nie. Ek hou van die 1983-vertaling, want dit gee Jesus se bedoeling goed weer: “Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.”



- [Tuisblad](#)
- [Rubrieke](#)
 - [Bybelkarakters](#)
 - [Gebede](#)
 - [Soos ek dit sien](#)
 - [Lees die Bybel saam met my](#)
 - [Kortverhale](#)
 - [Wag op die Here!](#)
- [Preke](#)
 - [Video's en teks van my preke](#)
 - [Potgooi van die preke](#)
- [Meer oor ...](#)
 - [Jaco se Bybelkoerant](#)
 - [Die Bybelkoerant-konsep](#)

- [Jaco Thom](#)
- [My boeke](#)
- [Privaatheidsbeleid](#)
- [Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting](#)
- [Bankbesonderhede](#)
- [Boekwinkel](#)
- Soek

Hoe moet ek dit verstaan? 11

Jesus, die Seun van God en van Maria

Die engel antwoord haar: “Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek. Daarom sal die een wat gebore word, heilig genoem word, die Seun van God.

Luk 1:35

Ons bely 'n Drie-Eenheid: Vader, Seun en Heilige Gees. Ons bely ook dat Jesus die eniggebore Seun van God is, een in wese met die Vader, verwek, nie gemaak nie. Ons bely verder oor Hom dat Hy ter wille van ons saligheid neergedaal het uit die hemel, vlees geword het deur die Heilige Gees en die maagd Maria, en mens geword het (Belydenis van Nicéa).

Dis duidelik uit hierdie belydenis dat die Seun van God vóór Jesus se geboorte nog nie 'n menslike natuur gehad het nie. Die Seun van God het mens gewórd in Betlehem. Dit is dus eintlik verkeerd om van die Seun as “Jesus” te praat voor sy geboorte, bv. waar Hy in die Ou Testament opgetree het. *Jesus* was nie in die hemel, vanwaar Hy neergedaal het nie. *Die Seun* was in die hemel as tweede Persoon in die Drie-Eenheid. Die

evangelis Johannes skryf só daaroor: die Woord (die Seun van God) was van die begin af daar, maar eers in die tyd het die Woord mens geword (Joh 1:1-3, 14).

Eers deur Maria het die Seun 'n mens geword en 'n menslike natuur bygekry. Jesus is dus meer as die Seun van God; Hy is nie “net” God nie, maar ook 'n mens soos ek en jy.

Daar is al baie geskryf oor die twee nature van Christus. Die vroeë kerk het by die Sinode van Chalcedon (451 nC) dit só geformuleer: die twee nature van Christus bestaan “onvermengd, onveranderd, ongedeeld en ongeskei” in Hom. Jesus is dus nie half-god en half-mens nie. Hy is volledig God én volledig mens, en sy goddelikheid en menslikheid is nie los van mekaar nie.

Dié uiteensetting van Chalcedon verklaar nie die twee nature van Christus nie; dit bly 'n misterie waarvoor ons maar net in aanbidding en verwondering kan buig. Wat ons wel kan weet, is dat die Seun van God in die volheid van die tyd (Gal 4:4) aarde toe gekom het, mens geword het en onder ons kom woon het (Joh 1:14). Dít is wat ons met Kersfees vier.

Onlangse Bydraes

- [Jakob](#)
- [Joh 8:1-11 Jesus, jy en ander mense](#)
- [Esau](#)
- [Joh 6:56,57 NAGMAAL, SODAT ONS KAN LEWE!](#)
- [Gebed vir vroue en almal wat deur geslagsgeweld geraak word](#)

Argief

Argief ▼

- [Lees die Bybel saam met my](#)
- [Soos ek dit sien](#)

- [Preke](#)
- [Gebede](#)
- [Kortverhale](#)

- [Facebook](#)
- [X](#)

© Bybelkoerant 2018 – 2026